**BYLAAG B**

**Noordelike Sinode**
**Sitting 2026**

# Verslag van die Ontwerpspan

## 1. Inleidend

Die SDR het die moderatuur aangewys as ontwerpspan. Die span was 2-3 Junie 2026 by Tsekama net buite Modimolle om die inhoud en ander relevante sake rakende die sitting te bedink. Hierdie verslag bou dus voort op dit wat reeds rakende die sitting bespreek en besluit is.

## 2. Tema

Na deeglike besinning het die span besluit om by die SDR aan te beveel dat die tema ***"DROOMDRAERS"*** moet wees.

Hierdie tema sou in drie subtemas uitgepak kon word, te wete: **Onthou, Verbeel** en **Leef**. Die subtemas sou ook beskryf kon word ons nadenke oor gister, môre en vandag.

Die beplanning is dat Sondag se erediens en die dagwydings, die tema teologies sal begrond.

## 3. Datum

Die span is van oordeel dat die tema vir drie vol dae vra. Daarby kom dan dag 1 se afskop en dag 5 se afsluiting. Die span beveel dus aan dat ons hou by die oorspronklike datum nl. **Sondag 18 Oktober tot Donderdag 22 Oktober**.

Die gedagte is dat sinodegangers Sondag van 14:00 af sal aankom, registreer en nesskrop, sodat die amptelike sitting teen 16:30 kan begin met 'n openingseremonie. Dit sou o.a. insluit: Konstituering, Opening, Nagmaal, Bevestiging van die Uitvoerende Beampte, Afskop van die tema en Kuier.

Verder word daar in die vooruitsig gestel dat die sitting Donderdag op 'n hoogtepunt sal eindig met 'n afsluitingseremonie wat sinodegangers in staat sou stel om teen 12:00 met 'n kospakkie in die hand, en begeesterd om die nuwe seisoen aan te pak, in die pad te val. Daar word ook in die vooruitsig gestel dat elke predikant 'n preekskets oor die tema "Droomdraers" sal ontvang met die oog die Sondag na die sitting se Woordverkondiging.

## 4. Dagritme

Die beplanning is dat die dag met koffie en beskuit sal begin waarna die sitting van 8:00 tot 17:30 sal plaasvind. Die beplanning is verder om soos in die verlede, gedurende die sittingsdag voorsiening te maak vir “brunch” asook twee ander breke met verversings. Die aande sal voorsiening maak vir lekker eet, kuier en ontspanning in die swembaddens.

## 5. Sakelys

Die primêre sakelys is die SDR se verslag van haar werksaamhede sedert die vorige sinodesitting in Oktober 2022.

Die taakspanne se verslae is reeds deur die SDR goedgekeur en word daarom by die SDR se verslag aangeheg as bylaes. Dit word nie as sulks weer ter tafel geneem nie.

Die volledige sakelys sal elektronies aan alle gemeentes versprei word teen die derde week van September. Dit sal as gelese beskou word.

By die sitting sal elke afgevaardigde ’n werksagenda ontvang met die finale verslag van die moderatuur (dagbestuur) asook ander relevante sake met die oog op die sitting.

## 6. Taal

Die span is van mening dat die sitting inklusief moet wees, wat beteken dat daar doelbewus ruimte geskep word vir alle afgevaardigdes om hulleself in hul voorkeurtaal uit te druk. Om toe te sien dat die Engelssprekende sinodegangers ten volle ingesluit word, word daar voorsiening gemaak vir 'n Engelse sakelys, doeltreffende vertalingsdienste, sowel as besprekings in Engels tydens tafelgesprekke. Dit staan elke deelnemer vry om in hul eie voorkeurtaal aan die verrigtinge deel te neem.

## 7. Tegnologie

Daar word voorsien dat die tegnologie dit moontlik sal maak om in die vergadersaal met die sinodegangers via WhatsApp te kan kommunikeer. Buite die vergaderlokaal en by die akkomodasie sal daar ongelukkig nie Wifi wees nie. Die ontwerpspan beplan ook om die moontlikheid om elektronies te stem, verder te ondersoek.

## 8. Bywoners

Daar sal weer voorsiening gemaak word vir gemeentes om vooraf met die Sinodehuis te reël dat:

- Indien die kerkraadslid wat as primarius afgevaardig word nie die hele tyd daar kan wees nie, die sekundus die tweede helfte van die vyf daelange sitting bywoon;
- Indien ’n gemeente nie ’n kerkraadslid het wat afgevaardig kan word nie, enige gemeentelid as waarnemer sonder stemreg, die sitting kan bywoon ter wille van sinvolle terugvoer aan die gemeente;
  Indien daar sulke gemeentelede is sal hulle dit teen ’n koste van R2 000 per persoon kan doen. Dit sluit etes en akkomodasie in, maar nie vervoer nie.

## 9. Belangrike datums

Geloofsbriewe moet nie later nie as 18 Augustus by die Sinodehuis ingehandig word. Beskrywingspunte moet die Direkteur van die Sinode nie later nie as 18 Julie bereik.

## 10. AANBEVELINGS

**10.1 Die SDR aanvaar die verslag van die ontwerpspan as die breë riglyne vir die inrigting van die Noordelike Sinode se sitting in Oktober 2026.**

**10.2 Die SDR versoek die ontwerpspan om verdere detail via die Verskil aan gemeentes te kommunikeer.**

**10.3 Die SDR bid die ontwerpspan sowel as alle ander rolspelers wat by die logistieke en ander reëlings betrokke sal wees, die seën van die Here toe.**